

Graan SA Weeklikse Oliesade Mark Kommentaar

| GRAAN SA GRAIN SA | DATUM 2019/06/18 | | DATUM 2019/06/14 | | + - WEEK GELEDE 2019/06/10 | | + - MAAND GELEDE 2019/05/20 | | + - JAAR GELEDE 2018/06/18 | | |
|--|---------------------|----------------|---------------------|------------|--|------------|--------------------------------|------------|-------------------------------|---------|------|
| | Data | | Δ | Δ% | Data | Δ% | Data | Δ% | Data | Δ% | Data |
| | | | | | | | | | | | |
| Brent (\$/b) | 59.94 | -1.39 | -2.3% | 61.33 | -5.7% | 63.59 | -17.0% | 72.25 | -19.8% | 74.73 | |
| US\$: ? ZAR | 14.77 | -0.070 | -0.5% | 14.84 | -1.8% | 15.04 | 2.6% | 14.39 | 6.8% | 13.83 | |
| ACBOT Mielies 8vm : 12nm* | R 2 643.33 | -3 | -0.1% | R 2 646.51 | *CBOT Jul cents / bushel + -08:00 today vs CBOT Corn Jul + -12 : 00 the previous day | | | | | | |
| ACBOT Koring 8vm : 12nm* | R 2 927.35 | -8 | -0.3% | R 2 935.77 | *CBOT Jul cents / bushel + -08:00 today vs CBOT Wheat Jul + -12 : 00 the previous day | | | | | | |
| ACBOT Soja 8vm : 12nm* | R 4 952.72 | 64 | 1.3% | R 4 888.95 | *CBOT Jul cents / bushel + -08 : 00 today vs CBOT Soybeans Jul + -12 : 00 the previous day | | | | | | |
| Jongste CBOT pryse tydens oornagverhandeling (Aangeteken tussen 06:00 - 07:00 vm teenoor 12:00 vm die vorige verhandelingsdag) | | | | | | | | | | | |
| Mielies Jul '19 | 454.60 | 1.60 | 0.4% | 453.00 | 9% | 415.60 | 17% | 389.00 | 14% | 400.00 | |
| Koring Jul '19 | 539.40 | 1.00 | 0.2% | 538.40 | 7% | 504.40 | 13% | 478.20 | -3% | 558.40 | |
| Sojabone Jul '19 | 912.60 | 16.00 | 1.8% | 896.60 | 7% | 856.20 | 10% | 831.60 | -5% | 957.20 | |
| Jongste MTM-pryse (Aangeteken om 12:00 die vorige verhandelingsdag SPOT = naaste kontrakmaand (Rand/ton)) | | | | | | | | | | | |
| SORGHUM | 3280.00 | 0 | 0.0% | 3280.00 | 0.0% | 3280.00 | -0.6% | 3300.00 | 5.5% | 3110.00 | |
| WMAZ Spot | 2876.00 | 32 | 1.1% | 2844.00 | -0.3% | 2886.00 | 6.4% | 2704.00 | 41.5% | 2032.00 | |
| WMAZ Jul '19 | 2901.00 | 28 | 1.0% | 2873.00 | -0.6% | 2919.00 | 5.6% | 2748.00 | 26.1% | 2300.00 | |
| YMAZ Spot | 2867.00 | 33 | 1.2% | 2834.00 | 0.4% | 2856.00 | 8.3% | 2648.00 | 34.5% | 2131.00 | |
| YMAZ Jul '19 | 2887.00 | 28 | 1.0% | 2859.00 | 0.1% | 2885.00 | 7.4% | 2688.00 | 23.9% | 2330.00 | |
| SOY Spot | 5543.00 | 103 | 1.9% | 5440.00 | 4.9% | 5282.00 | 18.4% | 4680.00 | 28.0% | 4332.00 | |
| SOY Jul '19 | 5584.00 | 122 | 2.2% | 5462.00 | 4.7% | 5332.00 | 18.3% | 4720.00 | 28.0% | 4362.00 | |
| SUN Spot | 5231.00 | -6 | -0.1% | 5237.00 | -0.4% | 5250.00 | 4.6% | 5000.00 | 13.8% | 4597.00 | |
| SUN Jul '19 | 5260.00 | -21 | -0.4% | 5281.00 | -1.0% | 5314.00 | 3.9% | 5063.00 | 13.9% | 4618.00 | |
| WHEAT Spot | 4459.00 | 7 | 0.2% | 4452.00 | -2.2% | 4558.00 | 1.4% | 4398.00 | 12.1% | 3979.00 | |
| WHEAT Jul '19 | 4475.00 | -1 | 0.0% | 4476.00 | -2.0% | 4565.00 | 1.0% | 4430.00 | 12.0% | 3995.00 | |
| OLIESADE (US\$/ton) | 2019/06/14 | Bron: Oilworld | | | 2019/06/07 | 2019/03/22 | | 2018/04/30 | | | |
| Soya-oil, Arg. | 624 | | | | -1.3% | 632 | -9% | 685 | -8% | 676 | |
| Soya-pell, Arg. | 336 | | | | 1.8% | 330 | 3% | 326 | -9% | 368 | |
| Soybean, USA | 368 | | | | 2.8% | 358 | -3% | 379 | -10% | 410 | |
| USA Runner 40/50 | 1325 | | | | 0.0% | 1325 | 2% | 1300 | 2% | 1300 | |
| Sun-oil, Arg. | 690 | | | | 0.0% | 690 | 4% | 665 | -14% | 800 | |
| Sun-oil, Black Sea | 698 | | | | -0.3% | 700 | 3% | 675 | -7% | 750 | |
| Sunseed,Black Sea | 348 | | | | -2.0% | 355 | -6% | 370 | -15% | 409 | |
| Rapeseed, EU cif | 415 | | | | -0.2% | 416 | 0% | 417 | 4% | 399 | |
| Palmk oil Mal, EU | 545 | | | | 0.0% | 545 | -24% | 720 | -47% | 1037 | |

JONGSTE MARK INLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY VAN VERSKEIE MARKVERSLAE

Sojabone: In die internasionale konteks van sojabone is die verwagting dat die wêreld produksie vir die 2019/20 seisoen ongeveer 5.3 miljoen ton kan daal vanaf die vorige seisoen se produksie. Die verwagte daling in die wêreld produksie kan grootliks toegeskryf word aan die verwagte afname in produksie in die VSA en Kanada. Daar word ook 'n toename in produksie in China en Suid Amerika verwag wat die afname in die Amerikaanse en Kanadese produksie tot 'n mate sal uitkanselleer. In die VSA is die verwagting dat die eindvoorraad teen die einde van die 2018/19 seisoen 'n nuwe rekord van 29,5 miljoen ton sal bereik. Die verwagting is ook dat die eindvoorraad selfs verder kan toeneem in die 2019/20 seisoen afhangende van die produksie wat realiseer. Die Amerikaanse sojaboon aanplantings vind steeds teen 'n stadige tempo plaas in vergelyking met vorige jare. Volgens die nuutste weeklikse produksievorderingsverslag is aangedui dat die sojaboon aanplantings 77% voltooi is. Dit is aansienlik laer as die gemiddelde tempo van 93% voltooi teen dieselfde tyd van die seisoen. Die verwagting is ook dat die wêreld sojaboonvoorraad teen die einde van die 2018/19 seisoen 'n nuwe rekord van 110 miljoen ton sal bereik. Dit sal as 'n redelike buffer teen die laer verwagte produksie in die Noordelike halfmond dien. **Plaaslik:** Die plaaslike sojaboonmark het verlede week hoofsaaklik ondersteuning gevind en het sterker verhandel vir die week in die meeste van die kontrakmaande wat tans gelys is. Die plaaslike mark het goeie ondersteuning gevind by die internasionale mark wat ook hoofsaaklik sterker verhandel het.

Sonneblomsaad: Die verwagting in die mark is dat die wêreld sonneblomsaad produksie gedurende die 2019/20 seisoen 'n nuwe rekord sal bereik. Die produksieverwagtinge vir die seisoen is opwaarts aangepas vanaf die vorige skatting en word nou op 52.7 miljoen ton geskat. Die opwaartse aanpassing in die wêreld produksieskatting kan grootliks toegeskryf word aan die groter oppervlakte aangeplant asook gunstige produksieomstandighede in die grootste produserende lande. Die verwagting is ook dat die wêreld verwerking van sonneblomsaad hierdie seisoen sal toeneem tot 'n nuwe hoogtepunt van 47.8 miljoen ton. **Plaaslik:** Die plaaslike sonneblomsaad mark het verlede week gemeng verhandel en het byna onveranderd gesluit vir die week.

Kanola: Die verwagting vir die wêreld raapsaad en kanola produksie is dat dit aansienlik minder behoort te wees in die komende seisoen. Dit is hoofsaaklik as gevolg van ongunstige weerstoestande wat geheers het tydens planttyd in veral Kanada en Australië wat die produksie potensiaal daar nadelig beïnvloed het. In die EU lyk die produksieverwagtinge nou beter nadat reën wat dringend nodig was net betyds in die groot produksie gebiede voorgekom het. **Plaaslik:** Die plaaslike aanplantings van kanola is voltooi en die produksieomstandighede lyk meestal goed.

Grondboon: Die grondboon uitvoere vanaf die ses grootste uitvoerlande het gedurende die eerste 3 maande van 2019 met 8% toegeneem. Dit is grootliks opgemaak vir die afname in die uitvoere wat verlede jaar tussen Oktober en Desember gerapporteer was. Gedurende 2018 was daar aansienlik minder grondboon uitvoere wat vanaf die VSA, Argentinië en Indië af plaasgevind het as gevolg van die swakker produksies wat gedurende 2018 gerealiseer het in hierdie lande. In Argentinië lyk hierdie seisoen se produksie verwagtinge goed en behoort Argentinië weer 'n meer prominente rol in die internasionale uitvoermarkte te speel gedurende 2019. **Plaaslik:** In die plaaslike mark is die grondboon voorraad laag as gevolg van die swak grondboon produksiejaar wat hierdie seisoen uitgespeel het.

Vir enige navrae, kontak asb: Luan van der Walt, E-pos: luan@grainsa.co.za